# Rondom Noordrand

*Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!*

## Gereformeerde Kerk Noordrand

**8 Mei 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Teksvers:** 1 Korintiërs 1 : 7b
**Boodskap:** Die kerk sien vol verwagting uit na die verskyning van ons Here Jesus Christus!

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes : 8 Mei

- Diakonie
- Teologiese Studentekas

## Meelewing

### Meelewing – Hospitaal

John Lizamore ontvang steeds behandeling in die Donald Gordon hospitaal. Ons dank die Here vir sy genade hierin en ons weet Hy sal jou en jou gesin hierdeur dra.

**Meelewing – Troosdiens**

Die troosdiens van Johanna Kruger is Woensdag 11 Mei om 14:30 in ons kerkgebou.
Susters wat bereid is om 'n bordjie toebroodjies te bring moet asb vir Leatitia of Jeanne kontak.

## Teeskinkbeurte:

8 Mei: Elly Vlok-Blacquiere; Leatitia van Wyk; Annemarie Prodromau
15 Mei: Hanni du Plessis; Mariette Coetzee
22 Mei: Jeanne Prinsloo, Judy Möller, Angeret Breedt

***(Ons was nie die koppies na die tyd nie, pak net in wasbak en Samuel was dit op die Maandag)***

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**8 Mei:** Clarinda Venter;
**9 Mei:** Fanie Steyn;
**11 Mei:** Johanna Hall;



Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 23:23

Hou by die waarheid, moet daar nie van afstand doen nie;
hou by die wysheid, by selfbeheersing, by insig.

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*




Geseënde Moedersdag aan elkeen wat die voorreg het om 'n moeder te kan wees of om nog 'n moeder op aarde te kan hê.

## *Mense is ook veilige hawens*

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Skepe het hawens nodig. Hier moet nuwe voorrade en passasiers aan boord geneem word. Hier moet herstelwerk gedoen word. Hier moet geskuil word, wanneer gevaarlike storms woed. Dieselfde geld vir onsself. Ons almal benodig hawens, waar ons veilig kan wees en waar noodsaaklike geestelike herstelwerk aan ons gedoen kan word. Ons almal kort 'n skuilplek, wanneer die stormwinde dreig om ons van koers af te waai. Waar is sulke hawens te vind? Vir seker by die Here. Hy is ons skuilplek, ons rots, ons vesting en ons hawe. Maar Hy stuur ook mense oor ons pad as veilige hawens. Dit is daardie mense wie se skouers breed genoeg is om ons laste te help dra. Dit is diegene by wie ons sommer net kan gaan afpak. By hulle kan ons ons seerkry en teleurstellings neersit sonder om bekommerd te wees hulle sal uitpraat.

Is daar mense naby aan jou wat sulke veilige hawens in jou lewe is? Hulle is lewende geskenke van die Here aan jou. Hulle is jou hawe in die storm. Hulle is jou skuilplek. Koester hulle. Dank die Heer vir hulle. Wees self ook vir hulle en vir ander mense daar, wanneer die lewe dreig om hulle onderstebo te loop.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan